DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**22 Januarie 2023**



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** 1 Petrus 1: 1 - 12

**Tema** Ons het vandag 'n vaste hoop

**Sang** Psalm 146: 1, 2, 8
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Psalm 130: 1, 3, 4
Skrifberyming 15-7: 4, 6
Skrifberyming 5-3: 4, 5

Die apostel Petrus skryf aan gelowiges in diaspora in verskeie Romeinse provinsies in noordelike Klein-Asië. Die rede vir die brief is die bemoediging van gelowiges wat weens hul belydenis van Jesus se naam vervolg is. Daar is goeie getuienis dat hierdie brief uit die vroegste vervolgings stam (62-64 nC) en vanuit "Babilon" (5:13) gestuur is. Laasgenoemde verwys waarskynlik na Rome self waar Petrus in sy laaste lewensjare hierdie brief geskryf het.

Dis opvallend hoe sterk die klem val op God wat nuwe lewe skep en gee. Dis duidelik dat niemand dit self kan bewerk nie. Dit is reeds in die groetwoord (1:1-2) duidelik.God Drie-Enig, Vader, Seun en Gees, is die enigste bron van ware lewe.  In een magtige beweging word beskryf hoe God die Vader uitverkies soos Hy dit vooraf bestem het; hoe die gelowiges deur die Gees afgesonder is om gehoorsaam te wees, en hoe hulle besprinkel is met die obloed van Jesus Christus.

Hierdie klem word verder gevoer in v 3 wat van God se groot ontferming (jammerhartigheid) vertel. Uit ontferming gee God die nuwe lewe as geskenk. En Hy doen dit deur Jesus se opstanding uit die dood. Die opstanding is die hoogtepunt van God se werk. En hierdie nuwe lewe word as "wedergeboorte" beskryf. Dus val daar selfs in die beskrywing van die nuwe lewe klem op God se ondeurgrondelike (misterieuse) handeling soos in die bekende wedergeboorte teks van Joh 3. Die eerste lesers het 'n uitsiglose en onseker toekoms gehad. Die gordyn het oor hulle môre gesak. Hulle het nie geweet wat alles met hulle kan gebeur nie. Maar wie hierdie nuwe lewe deur die opstanding ontvang, ontvang ook 'n lewende hoop. Met ander woorde die moontlikheid om 'n hoopvolle bestaan te voer. Hoe werk hierdie hoop?

Hierdie hoop het twee dimensies:

Eerstens stel v 4 die uitsig op die "erfenis in die hemel" voor. Dit vertel van die absolute sekerheid dat ons toekoms saam met God deur Homself gewaarborg word. Hierdie waarborg word in militêre terme beskryf as soldate wat 'n vesting beveilig. Daarom is die Christelike hoop "onverganklik" (dit kan nie vergaan nie) en gee rigting aan die lewe van gelowiges tussen die eerste en tweede koms van Jesus (v 7).

Maar hoop vir "eendag" is nie genoeg nie. Tweedens is dit 'n hoop wat ook saak maak in die moeilike omstandighede van hier en nou: God bewaar nie net ons erfporsie vir "eendag" nie, maar bewaar ons ook nou, ja deur sy krag beveilig Hy ons vir ons erfporsie (v 5). Ons saligheid is nie net vir eendag nie. Nee, ons het nou reeds deel daaraan alhoewel dit die einddoel van ons geloof is (v 9).

Want, sê 1 Petrus 1:9: die hoop wat God gee vervul sy kinders met ‘n onuitspreeklike en heerlike blydskap. Dit maak God se mense soos wind wat ‘n vars briesie in die wêreld inwaai, wat soos ‘n vars briesie die muwwe en doodse atmosfeer van hooploosheid verander in ‘n gryp na die lewe, ‘n gryp na elke moontlikheid in die lewe, dit laat ander selfs lewe.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir al ons broers en susters wat pyn en ongemak ervaar.
* Gerdien Kuijpers was baie siek na die laaste chemo. Ons is dankbaar dat jy nou beter voel.
* Theyman Jongbloed ondergaan toetse in Johannesburg. Dit is ‘n deurmekaar tyd in hulle gesin se lewe. Ouma Rika moet die seuntjies rondry en hulle rustig hou. Sterkte Simoné met die wag in die hospitaal.
* Baie geluk aan ons kinders met hulle prestasies op die sportvelde.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 22 JAN 2023

**Diensbeurt: Wyk 4**
**Ouderling: Douw Venter**

**Katkisasie: Les 1**
**Diaken: Shawn Koekemoer**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**22 Januarie 2023**
**Kobie Botha**
**Annatjie Botha**
**Sarie Bronkhorst**
**Natania Carstens**

**29 Januarie 2023**
**Christa Carlisle**
**Annamart Coetzee**
**Susan Coetzee**
**Rioni Combrink**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 23 Jan 2023 | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| 24 Jan 2023 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 25 Jan 2023 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Ouderdom** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 22 Jan | Comin vd Walt | 61 | B | 084 438 6872 |
| Ma 23 Jan | Patty Pelser<br>Nihan Snyman | 66<br>10 | B<br>D | 072 376 8967<br>079 500 3458 |
| Di 24 Jan | ***Antoinette Sauermann*****<br>Chris Hoogendyk<br>Sandra Eloff<br>Chrisna Stander | ***81***<br>65<br>63<br>60 | B<br>B<br>B<br>B | 082 366 5041<br>082 806 7588<br>076 644 1175<br>082 804 6912 |
| Wo 25 Jan | Annemarie du Plessis<br>Amy O'Reilly<br>Anke O'Reilly<br>Ryan Carlisle | 58<br>18<br>13<br>13 | B<br>D<br>D<br>D | 083 255 9390<br>082 421 6982<br>082 554 2288<br>082 745 7409 |
| Do 26 Jan | ***Jan Cloete ***** | ***83*** | B | 083 361 8839 |
| Vr 27 Jan | Tom Roets<br>Michelle v Greunen<br>Erik Nel<br>Saré Nel<br>Marianna Marriott | 65<br>24<br>18<br>16<br>9 | B<br>B<br>B<br>D<br>D | 082 852 4509<br>082 743 4798<br>083 337 3486<br>083 696 9089<br>083 455 0987 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Ook tot in julle ouderdom**
**is Ek die Here,**
**tot in julle grysheid sal Ek julle dra.**
**Ek het julle gemaak**
**en Ek sal julle vashou,**
**julle dra en julle red.**

**Jesaja 46:4**

## EVANGELISASIE

**Wil jy betrokke raak om die Woord van God uit te dra aan ander?**





Die Evangelisasie diensgroep nooi jou om deel te neem en saam te beplan hoe ons dit kan doen.

Ons vergader **Maandag 23 Januarie 18h00 aan huis van André Bakker by Hercules straat 6 Bendor.**

Bevestig asb met 'n **WhatsApp na 083 457 1711.**

## SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers verkoop weer lekker vetkoeke op Vrydag 3 Februarie 2023.




Vetkoeke met lekker maalvleis R35.00, vetkoeke gevul met 'n soet verrassing R25.00 en plein vetkoeke teen slegs R15.00 per vetkoek.

Voorkom teleurstelling en plaas jou naam NOU AL op die lys agter in die portaal of skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 of Antjie Du Toit op 083 305 7855.

Bestellings kan vanaf 10:00 afgehaal word of tussen 17:00 tot 18:00 die middag.

## KERKRAADTOERUSTING


Die **ouderlinge** word herinner aan die **toerustings geleentheid op Vrydag 27 Januarie 2023.**

Die geleentheid sal om **18:00 by die kerk plaasvind.**

Verskonings moet asb gemaak word by Andre Bakker op 083 457 1711.

## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor **benodig klerehangers** om al die ou klere wat ontvang is op te hang. **Lidmate wat ou- of ekstra klerehangers het** word versoek om **asb die by die kerkkantoor af te lewer**, ons kan dit met vrug aanwend.



# SUSTERSBYEENKOMS



# SUSTERSSAAMTREK 2023

Die susters van die
**Gereformeerde Kerk Pietersburg**
nooi u hartlik uit na
die jaarlikse

## Sustersaamtrek 2023

te Polokwane

### "Om weer op te staan"

**SPREKER:** Dr Gustav Gous

**DATUM:** Saterdag – 11 Maart 2023

**REGISTRASIE:** 8:00 – 8:50

**PLEK:** Bolivia Lodge
Northview Estate – Libertystraat 15 – Northview – Polokwane

**KOSTE:** R150 p.p.


**RSVP: Voor of op Maandag, 13 Februarie 2023**
Geld betaalbaar voor of op Woensdag, 1 Maart 2023

**NAVRAE:** Sr. Nelie Badenhorst
074 663 5377

*Bring asseblief kontant saam vir die jaarlikse kollekte wat opgeneem sal word vir die Vroueblad, Instituut vir Christelike Onderwys (ICO) en Bybelverspreiding.*

# SUSTERSSAAMTREK VOORBEREIDING

**BROERS die susters sal op Saterdag 18 Februarie 2023 om 09:00 begin met die voorbereiding vir die Susterssaamtrek** wat hier by ons deur die susters aangebied sal word. **Kom ons manne kuier saam vanaf 12:00 om 'n braaivleis vuur soos net ons manne kan**, terwyl die susters besig is met die voorbereiding , **verras hulle met 'n worsbroodjie vir middag ete. Susters wat kom help met die voorbereiding en die broers wat saam gaan kuier sit asb julle name op die lyste agter in die portaal. Baie dankie aan almal wat kom help.**



# LAPSAK PROJEK

**Die diakonie gaan met 'n "lapsak" projek begin** om op die wyse ons kos kaste aan te vul. **Leë sakke sal elke Sondag agter in die portaal beskikbaar wees met 'n wens lysie op. Lidmate kan dan 'n sak neem wat hy/sy dan kan vul met die wens lys benodighede in**, en bring dan net die sak die volgende Sondag terug en **plaas dit dan in 'n krat wat voorsien sal word.** Die diakonie bedank almal vir hulle hulp en samewerking.



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**Verdwaalde mense is soekend, het dikwels geen hoop nie of stel hulle hoop op die verkeerde.**

**Christus ons enigste Hoop**
1Tim 1:1 … in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons **Hoop**.



## Praat saam....

**Waarop hoop jy?**

- **Geluk? Vrede? Rykdom?**

- **1 Tim 6:17 … hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.**

## EVANGELISASIE (VERVOLG)



# Praat saam....

**Hoop op mense?**

- **Ps. 33:16 -19 Dis nie deur groot krag dat 'n held behoue uitkom nie. Dis die Here wat sorg vir die wat Hom eer.**
- **Ps 146: Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie. Hy kan jou nie red nie.**



# Praat saam....

- **Die persoon moet besef hy is 'n sondaar**
- **En die sondaar verdien die ewige dood.**
- **Met erkening daarvan kom die GENADE, wat moet ek doen?**
- **Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word**
- **Hoop op God, hy is die enigste bron van hoop.**

| | | |
|---|---|---|
| <u>Preke</u><br><br>Kan afgelaai word op:<br><br><u>www.gereformeerd.co.za</u> | <u>Kerkkantoor</u><br>Faksnommer<br><br><u>Webwerf</u><br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| <u>Koster</u><br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br><u>Orreliste</u><br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | <u>Bankbesonderhede</u><br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Koningskinders<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word:*
*Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!*
*1 Petrus 1: 2*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**